AfriForum stel fonds vir burgerregte bekend

HERMAN SCHOLTZ IN PRETORIA
herman.scholtz@rapport.co.za

NET EEN REGTER IN DIE HOOGGEREGSHOF IN HARARE IS NIE 'N BEGUNSTIGDE VAN DIE GRONDHERVORMINGS-PROGRAM NIE.

Die wit boere in Zimbabwe wil nie eendag vir hul nageslagte sê hulle hét 'n plaas in Afrika gehad, maar dit prysgegee omdat hulle geskrik het nie.

Dít is die strekking van mnre. Mike Campbell en sy skoonseun Ben Freeth se verhaal, soos vertel in die dokumentêre rolprent *Mugabe and the White African*.

Dié boere, wat pres. Robert Mugabe 'n bloedneus by die tribunaal van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) gegee het, is die hoofkarakters in die rolprent wat vandeesweek met spesiale vergunning vertoon is by die bekendstelling van AfriForum se burgerregte-regsfonds. Dit is nog nie hier uitgereik nie.

Freeth het ná die vertoning aan die gehoor gesê vrees het die afgelope tien jaar hul lewe oorheers, maar dat dit juis hul doel is om dié vrees te oorkom.

Hy het aan die Suid-Afrikaners gesê hulle weet ook wat vrees is. "Met 18 000 moorde 'n jaar ken julle vrees. Ons moet God vrees, nie mense nie."

Drie dae daarna het Freeth sy skoonpa ondersteun by die hooggeregshof in Pretoria waar Campbell en mnre. Louis Fick en Richard Etheredge aansoek gedoen het om die SAOG-tribunaal se beslissing – dat Mugabe se grondhervormingsprogram rassisties, arbitrêr en onwettig is – in Suid-Afrika te registreer.

Die Zimbabwiese regering het aanvanklik die aansoek teengestaan, maar het later onttrek.

Regter Charl Rabie het beslis dat die SAOG-tribunaal in Windhoek, Namibië, se beslissing nou deel van die Suid-Afrikaanse wetboeke uitmaak.

Dié verwikkelinge beteken dat boere in die toekoms vergoeding kan kry vir die plase wat onwettig onteien is deur aansoek te doen om die beslaglegging van nie-diplomatieke bates van Zimbabwe in Suid-Afrika.

Freeth het aan *Rapport* gesê dit is 'n belangrike stap in hul uitgebreide regstryd om hul belange te beskerm.

Adv. Jeremy Gauntlett SC, namens die boere, het Donderdag in die hof aangevoer die Zimbabwiese regstelsel het heeltemal gedisintegreer nadat Mugabe dit hersaamgestel het. Net een regter in die hooggeregshof in Harare is nie 'n begunstigde van die grondhervormingsprogram nie.

Die hooggeregshof daar het ook beslis dat die SAOG-beslissing nie in Zimbabwe geregistreer kan word nie omdat dit strydig is met Mugabe se beleid.

Die hof in Pretoria het gehoor die plaasbesettings en intimidasie van wit boere gaan onverpoos voort

➔ Mnr. Willie Spies, regsverteenwoordiger van AfriForum, het by die bekendstelling van die fonds gesê Suid-Afrikaners moet na 'n nuwe vlak beweeg wanneer burgerregte beskerm word, want "dit help nie om plakkate rond te swaai nie". Mnr. Kallie Kriel, uitvoerende hoof, het gesê AfriForum plaas nie al sy hoop op die howe nie, maar wil soveel moontlik senior advokate aanstel om burgers se regte op te dwing. "Jy hoef nie die meerderheid of die gewildste te wees nie. Jy moet net 'n geregverdigde saak hê."